**Handboekwerk:**

**Donderdag 23 April 2020**

**Homonieme en Homofone – Bladsy 54**

## C Oefen taal

### Taalfokus 2: Homonieme en homofone

**Homonieme** is woorde wat dieselfde gespel word, maar nie dieselfde beteken nie.

**Voorbeeld**

Die weer is vandag sleg, want daar woed 'n storm.
Ek moet weer ná skool bly om werk in te haal.

**Homofone** is woorde wat eenders klink, maar verskillend gespel word.

**Voorbeeld**

Sy oefen om viets te lyk.
As dit reën, kan ek nie op my fiets ry nie.

1. Kies die korrekte woord tussen hakies.
   a) Dit gaan vandag sneeu waar die skape (wei/wy).
   b) Ek het vyf (rant/rand) in my beursie.
   c) Die soldate beskerm die (fort/vort).
2. Maak twee sinne met elkeen van die volgende woorde om twee verskillende betekenisse te wys.
   a) bank b) bly c) veer